

Nuwe Lewe

Het jy al 'n wurm sien loop? Stadig rek en strek beweeg hy voretot. Hy kan nie soos 'n voël in die lug vlieg nie.



As 'n mens vlerke met fyn stekies aan sy rug vaswerk, sal hy dan kan vlieg? Of as iemand vir hom vlieglesse gee, sal hy dan kan vlieg? Nee. En tog, 'n paar weke nadat hy hom toegespin het, gebeur daar 'n wonderwerk! Uit die kokon kom daar 'n mot wat kan vlieg!



Maar daar moes eers binne-in hom 'n groot verandering kom.



Hy moes 'n tweede keer gebore word; uit die kokon.



'n Mens word met baie sondes gebore en van kleins af is jy selfsugtig, raak jy gou kwaad, sê jy lelike dinge van ander en doen baie ander sondes.



Dit maak 'n mens bitter ongelukkig. Dit help nie om te probeer anders wees nie. Daar moet net soos by die wurm 'n verandering binne-in jou plaasvind, 'n weergeboorte.

Het jy al gewonder: 'Hoe kan ek 'n nuwe mens word?'
Die Bybel wys vir jou hoe dit kan gebeur. Volg die prentjies en soek die verse op in jou Bybel.



Jy moet weet hoe jy regtig lyk. Die Bybel sê dat jou hart vol sonde is.

'En die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart tevoorskyn wat sleg is' Lukas 6 vers 45 Die Bybel is God se spieël waarin jy kan sien hoe jy lyk.

Sonde bring moeilikheid tussen mense.



'En die werke van die vlees is.....vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap....'. Galasiërs 5 vers 19 en 20

Sonde sê:

'Ek wil',

'Ek sal'

'Ek kan'

Ek...

Ek.....

Ek.....



**'.....Hulle soek almal hulle eie belange.' Filippense 2 vers 21
Sonde maak dat jy niks van Jesus wil weet nie.**



**'Hulle het sy woord nie geglo nie,na die stem van die
Here nie geluister nie.' Psalm 106 vers 24 en 25**

**'.....Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo
het in die naam van die eniggebore Seun van God nie.' Johannes 3
vers 18**

Sonde skei jou van God.



**'Die Here is ver van die goddelose'.
Spreuke 15 vers 29**

Sonde maak jou lewe donker.



**'.....is die weg van die goddelose soos duisternis; hulle weet nie
waaroor hulle sal struikel nie.' Spreuke 4 vers 19**

Sonde maak 'n mens blind sodat jy nie die gevaar sien nie.



'.....en hulle sal rondloop soos blindes, omdat hulle teen die Here gesondig het.....' Sefanja 1 vers 17

Sonde word jou baas!



'.....elkeen wat die sonde doen, is 'n dienskneg van die sonde.'
Johannes 8 vers 34

Sonde maak vuil.



'En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons ongeregtighede soos 'n besoedelde kleed.' Jesaja 64 vers 6

En later kan jy dit nie meer dra nie.



'Want my ongeregtighede gaan oor my hoof; soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword.' Psalm 38 vers 5

Sonde word 'n groot skuld wat jy nie kan betaal nie.



'.....ons ongeregtighede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog.' Esra 9 vers 6

Jy kan nie self loskom van die sonde en God vind nie.



'Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom regverdig sal word nie.' Romeine 3 vers 20

En om te probeer om 'n christen te wees, maak 'n mens net meer deurmekaar.



Kerk toe gaan

Bybellees

en bid

Maak nie van jou 'n christen nie.



Jy sê miskien: 'Ek doen nie lelike dinge nie.'

Maar Romeine 3 vers 23 se: 'Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God.'

Jy ook!



**Jy is op een van twee paaie: God se pad of jou eie pad.
Jou eie pad is 'n pad van sonde.**

**Die Bybel sê: '....die loon van die sonde is die dood....' Romeine 6
vers 23**

**Net Jesus kan jou red van die sonde en die dood.(Johannes 14
vers 6)**

Want Jesus het in jou plek gesterwe. Hy het vir jou sondes betaal.



**'Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van
ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede
aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing
gekom. ' Jesaja 53 vers 5**

Omdat Jesus die Nuwe Lewe vir jou wil gee, klop Hy aan die deur van jou hart. (Openbaring 3 vers 20)



**Pappa, mamma of dominee kan dit nie vir jou oopmaak nie.
As jy die deur oopmaak, sal Hy ingaan. (Openbaring 3 vers 20)**



Party mense gee net 'n deel van hul hart vir Jesus. Jy moet jou HELE hart vir Jesus oopmaak.

'En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.' Jeremia 29 vers 13

**Voordat Jesus in jou hart kan woon, moet Hy dit skoonmaak.
(Jesaja 1 vers 18)**

As jy agterkom hoe vuil jou lewe is, maak dit jou baie hartseer.



'.....'n gebroke en verslae hart sal U. O God, nie verag nie.'
Psalm 51 vers 19 Jesus vergewe alles.

'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.'
1 Johannes 1 vers 9



**En Jesus gee jou die grootste geskenk, die ewige lewe verniet.
(Romeine 6vers 23) Maar jy moet dit uit die hand van God neem en
jou eie maak.**

As jy dit nie vat nie, word dit nie joune nie



**As jy jou hart vir Jesus wil oopmaak en die geskenk van die nuwe
lewe wil hê, bid dan hierdie gebed:**



Here Jesus, ek erken dat ek 'n verlore sondaar is.
Ek kan myself nie red nie.
Ek bring al my sondes na U.
Was my witter as sneeu met u bloed.
Dankie dat U aan die kruis van Golgota vir my sondes gesterf en betaal het.
Ek maak nou die deur van my hart vir U oop.
Kom woon deur u Gees in my.
Ek neem die geskenk van die ewige lewe nou as myne.
Dankie dat ek nou weet dat ek u kind is.
Amen

Het jy gedoen wat in die boekie staan?
Dan sê die bybel is jy nou 'n nuwe mens.
Nou kan jy ook jou naam inskryf by Johannes 1 vers 12




Nou kan jy jou naam inskryf in Johannes 1 vers 12, jou geboortesertifikaat!

Maar aan, _____ wat Hom (Jesus) aangeneem het aan _____ wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kind(ers) van God te word.

Jou Handtekening

Vandag se datum



Nou is daar nie meer 'n kloof tussen jou en en God nie, omdat jy '..... Met God versoen is deur die dood van sy Seun.' Romeine 5 vers 10

Dit is ook nie meer donker nie, want



'dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring....'. 2 Korintiërs 4 vers 6

Eenkeer 'n kind van God, altyd 'n kind van God.



Onderstreep die vers in jou Bybel:

'En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.'

Johannes 10 vers 28

Wat 'n wonderlike voorreg om te weet dat jy ook 'n kind van God geword het omdat die Bybel so sê!

Skrywers: Oom Ernst en tannie Frieda van der Walt

Daar is nog 'n wonderlike dokument vir kinders 'Geestelike Groei'. Lees dit môre en kyk wat sê die Bybel hoe lyk die pad vorentoe.